Woensdag **17 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 127**

**Fokusgedeelte: Psalm 127:2b (AFR83/2020)**

**God vertroos gelowiges in hulle nietigheid**

Het jy al nagedink oor jou nalatenskap? Baie voel gedrewe om ’n indrukwekkende nalatenskap op te bou, terwyl ander weer naarstigtelik spook om dit wat hulle reeds het vir die toekomende geslag te bewaar. Weerskante van die spektrum heers die vrees dat die lewe uiteindelik sal uitloop op niks – sonder sin, betekenis, impak of doel. Dat daar aan die einde van jou lewe gesê word, soos die Prediker dit weemoedig stel: “Alles is tevergeefs ... alles kom tot niks.”

In elkeen van ons se lewe kom daar ’n tydstip waar ons die lewe nugter in die oë moet kyk en hierdie nugterheid tot op ’n spitspunt moet dryf. Want ons moet besef dat tevergeefsheid ’n realiteit is waarmee ons moet rekening hou. In ons fokusverse gebruik Salomo driemaal die woord “tevergeefs” om ’n lewe sonder God, ’n lewe los van God, te beskryf. As die Here nie in jou lewe is nie, as Hy nie aktief bou, beskerm, gee en seën nie, is alles ’n gejaag na wind. Dit maak nie saak hoeveel ons bou, hoe versigtig ons bewaar, of hoe hard ons werk nie, sonder God is alles wat ons doen, futiel en dwaas.

Vir die gelowige kind van die Here geld presies die teendeel! Ons word deur die Heilige Gees geroep om ons aan God se soewereine Koningsheerskappy en voorsienende Vaderhand te onderwerp, ons lewe buite onsself in Christus te soek en altyd kinderlik nederig afhanklik aan Hom te bly. Wie so leef, wil God in genade aanneem en vir hulle geld die troosryke belofte: “Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap.”

Die kosbaarste wat God ons gegee het, is sy enigste Seun wat deur sy kruisdood en opstanding vir ons ’n ewige erfenis verwerf en verseker het. Christus se nalatenskap gee die deurslag en sy nalatenskap bepaal of ons lewe waarde – ewigheidswaarde – het!

*Sing: Psalm 127-1:1, 2*

*Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)*